IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING

I.19 VOL. 66 PG. 3459-3487

SAAKNOMMER: CC 482/85 | DELMAS

1986-04-28

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

66

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 66

Bladsye 3459 - 3487

HOF HERVAT OP 18 APRIL 1986.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, v.o.e.

GETUIE : Mag ek net iets in perspektief stel?

HOF : Op u getuienis gister? -- Op my getuienis gister.

Ja, seker. -- Ek skat baie swak. Dit is 'n gebrek. Ek het gisteraand om my getuienis omtrent die afstande in perspektief te kry afstande afgetree. Ek het gister se afstande oorskat. Ek wil terugkom en sê dat die klipgooi-afstand enigiets van 40 na 50 meter is. Dit is derhalwe ook die afstand vanwaar ek opgetree het.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Brigadier, dankie. Ons sal miskien iets in verband met daardie gebeurtenis later aan u stel. Ek wil net kortliks vir u 'n paar vrae in verband met die vergadering van die 1ste September stel. Kan u onthou dat by daardie vergadering die voorsittende verteenwoordiger die eerwaarde Photolo was en dit dieselfde Anglikaanse priester was wat voorheen op die 2de met u onderhandel het?

HOF : Kan u net vir my die duidelikheid gee, net om my weer in die prentjie te plaas, die 2de en die 3de was daar twee vergaderings, massavergaderings waarby daar samesprekings was met die brigadier en met mnr. Louw. Die 1ste, watter vergadering is dit?

MNR. BIZOS : Dit is waar mnr. Mahlatsi en sekere van die raadslede en ook beskuldigde nr. 7 teenwoordig was.

HOF : En u stel nou aan die brigadier dat eerwaarde Ben Photolo hier die leier was?

MNR. BIZOS : Die leier van die afvaardiging, van die inwoners van die gebied was. -- Hy was die leier, maar daar was algemene deelname ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Ja, ons aanvaar dit. Daar was geen agenda vir die

... vergadering

vergadering nie. Kan u onthou? -- Ek kan nie onthou of daar 'n spesifieke agenda was nie.

En was die nie-amptelike voorsitter van die vergadering mnr. Mahlatsi, die burgemeester? -- Korrek.

Kan u onthou dat die verteenwoordigers van die inwoners wou die verhoging van die huurgeld bespreek? -- Dit was een van die items.

Ek sal probeer om dit op 'n kort manier te stel. Sal u saamstem dat mnr. Mahlatsi arrogant en aggressief teenoor die ander mense daar teenwoordig was? -- Hy was wel.

Het hy gesê dat volgens sy mening die verhoging van die huurgeld noodsaaklik was vir die dienste in die gebied en dat dit so moet bly? -- Nee, hy het gesê dat dit noodsaaklik was vir die dienste in die gebied, dat dit egter nog nie geldig was nie, aangesien dit nog nie gepromulgeer was nie.

Kan u onthou dat hy gesê het dat sy Raad van plan was om aan te gaan met die publikasie van die kennisgewing en sodra dit gepubliseer was, die mense die verhoogde huurgeld moet betaal? -- Hy het so gesê.

Kan u onthou dat hy gesê het dat hy heeltemal oortuig was dat daar geen moeilikheid sal wees nie, die mense wil die verhoogde huurgeld betaal?-- Wat ek kan onthou, hy het gesê dat daar is sommige mense vir wie daar geen verskoning bestaan nie, wie wel die huurgeld kan betaal. Die afvaardiging, iemand, ek kan nie onthou wie nie, het gesê maar daar is baie arm mense wat hierdie huur nie kan betaal nie. Daar het toe samesprekings gevolg waarop mnr. Mahlatsi gesê het maar daar kan 'n uitsondering gemaak word ten opsigte van die persone wat werklik nie die verhoogde huur kan betaal nie. Ek herinner my dat hy gesê het die welsynsafdeling is die plek waarby sodanige mense hulle klagtes moet indien.

... Het

Het die verteenwoordigers, ons sal hulle so noem, van die inwoners gesê dat hulle oortuig was dat mnr. Mahlatsi nie van die gevoelens van die mense van die gebied kennis dra nie en dat hulle van mening was dat die verhoogde huurgeld nie betaal sou word nie? -- Hulle het so gesê.

Omdat daar hierdie geskilpunt was, kan u onthou dat die verteenwoordigers gesê het die raadslede moet bedank?-- Hulle het gesê hulle moet bedank. Een van die persone, wie dit was weet ek nie, het vir mnr. Mahlatsi gesê terwille van sy en sy broer se veiligheid word 'n beroep op hulle gedoen om te bedank.

As 'n oplossing. Kan u onthou dat een of ander van die verteenwoordigers opgemerk het dat dit vir hulle blyk dat alhoewel baie ander raadslede daar teenwoordig is, mnr. Mahlatsi die enigste een van die raadslede is wat praat? -- Korrek. Een van die raadslede het ook daarop geantwoord dat hulle vooraf besluit het dat mnr. Mahlatsi die praatwerk sou doen.

Daar is net iets waaromtrent ek u geheue wil verfris. Toe een van die verteenwoordigers gesê het dat Mahlatsi is die enigste persoon wat praat, kan u nie onthou dat mnr. Mahlatsi vir 'n kort verdaging gevra het nie? -- Nee.

En dat dit kort na die verdaging is dat een van die raadslede teruggekom het en gesê het dat hulle besluit het dat Mahlatsi hulle sal verteenwoordig en dat hy die enigste persoon sal wees wat sal praat? -- Nee. Volgens my herinnering het die afvaardiging op 'n stadium gevra vir 'n kort verdaging.

Kan u onthou dat eerwaarde Moselane, beskuldigde nr. 5, aan mnr. Mahlatsi gesê het dat geweld nie eensydig was nie, maar dat hy, eerwaarde Moselane, deur die raadslede gedreig is? -- Nee. In daardie verband kan ek onthou dat gesê is dat die hele wêreld huil oor die Vaal Driehoek, oor daardie geweld.

... Die

Die eerwaarde het ook gesê dat die situasie opgelos moet word.

Kan u onthou dat daar woorde gewissel is tussen mnr. Mahlatsi en eerwaarde Moselane in verband met iets wat voorheen gebeur het? -- Ek kan my werklik nie herinner nie.

Kan u onthou dat dit die eerwaarde Ben Potolo was wat gesê het dat die manier waarop mnr. Mahlatsi opgetree het by die vergadering, dit anger vir hulle onmoontlik gemaak het om verder met die gesprek aan te gaan? -- Ek kan nie onthou wie dit gesê het nie. Daar was beswaar geopper deur een van die verteenwoordigers teen die wyse waarop mnr. Mahlatsi die vergadering hanteer het.

In elk geval, as gevolg van die aanbeveling van een van die mense daar, was dit gesê dat pogings aangewend moet word om 'n verdere vergadering te hou tussen die partye? -- Ek kan onthou dat mnr. Mahlatsi gesê het dat die samesprekings vrugbaar was en hulle êrens kon kom en dat daarmee voortgegaan moes word. Ek herinner my nie dat vir 'n verdere of 'n ander vergadering gevra was nie.

Kan u onthou dat die verteenwoordigers gesê het dat dit in elk geval nodig sou wees vir hulle om 'n vergadering met die mense te gaan hou voor 'n verdere vergadering tussen hulle en die raadslede sou plaasvind? -- Ja, hulle het gesê dat hulle weer na die gemeenskap moes teruggaan.

En dra u kennis van die feit dat 'n vergadering wel gereël is om later plaas te vind in die Rooms-Katolieke Kerk Sone 11? -- Ek weet nie van die reëling van so 'n vergadering nie. Ek weet wel dat daar op die 9de in die Rooms-Katolieke Kerk 'n groot vergadering gehou was.

HOF : Die 9de September, dit is die volgende dag? -- Die volgende dag.

MNR. BIZOS : Daar is 'n misverstand. Die vergadering is deur

... / die

die landdros verbied.

HOF : Watter vergadering is dit? Die vergadering van die 9de?

MNR. BIZOS : Van die 9de. -- Dit is so.

Wie het daardie aansoek gerig aan die landdros om daardie vergadering te verbied? -- Ek weet nie. Ek was nie by samesprekings betrokke in daardie verband nie

Maar u was die senior polisiebeampte daar in beheer van die situasie? -- In beheer van die onlussituasie, ja.

U is nie eers gevra in verband met die verbied van die vergadering met die verteenwoordigers, deur wie u gehoor het om die vrede te herstel, wat die mense in die kerk wou hou nie? -- Ek was nie gevra daaroor nie, maar kan ek ook sê dat ek het ook geen kennis gedra van die doel van die vergadering op die 9de nie, nie ek persoonlik nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGER) : Brigadier, kan ons net ter opheldering hier dit hoor. U sê die vergadering het wel plaasgevind. Is die misverstand reggestel, die verbod, is dit teruggetrek? -- Nee.

HOF : Is die vergadering uiteen gejaag? -- Dit is korrek. Ek kan ook sê dat toe ek met hierdie vergadering gemoeid was, was ek nie bewus daarvan wat daar bespreek gaan word nie. Ek het kennis ontvang dat daar wel 'n vergadering gehou gaan word, dat inligting ontvang is en dat sodanige vergadering verbied is. Dit was my inligting.

MNR. BIZOS : As u wel geweet het dat die priesters of predikant die vergadering wou gehou het om terug te rapporteer in verband met die gesprekke tussen hulle en die polisie en die raadslede, sou u ten gunste daarvan gewees het dat so 'n vergadering moes plaasvind? -- Ek sou en my optrede by die vergadering sou uitsluitlik deur die skare teenwoordig bepaal word daarna.

En op 9 September is traanrook gebruik? -- Daar is traanrook

... / gebruik

gebruik.

Is rubberkoeëls gebruik? -- Dit is gebruik.

En ook donshael? -- Dit is gebruik.

Het u vasgestel hoeveel mense beseer was as gevolg van 'n oproep deur die predikante om na die vergadering te kom? -- Nee, ek weet nie hoeveel beseer was nie.

Sal u saamstem dat die vertroue in die predikante daarna baie moes verminder het, as die persone na die vergadering gekom het as gevolg van 'n misverstand en dat hulle op die manier aangeval is? -- Indien die predikante die organiseerders was, wel, maar ons moet seker ook in perspektief stel wat daar gebeur het en wat polisie-optrede tot gevolg gehad het. Dit was nie sommer 'n optrede, omdat optrede, optrede was nie.

HOF : Wat het dan wel daar gebeur? -- Toe ek kennis geneem het van die vergadering het ek met die polisiebeamptes inbeweeg. Daar was volgens my skatting 'n groep van plus-minus tweeduisend mense, Swartpersone, gemengde skare in en om die kerkperseel. Met aankoms daar het ek eerwaarde Moselane opgelet. Ek het met hom gepraat en vir hom gesê dat dit is 'n onwettige vergadering. Die gedrag van die mense buite die kerk was opruiend. Ek het die skare eers deur middel van die luidspreker in my voertuig gewaarsku om uiteen te gaan. Ek het daarna die luidspreker, toe my versoek geen gevolg gehad het nie, aan eerwaarde Moselane oorhandig en aan hom gevra om die skare te versoek om vreedsaam uiteen te gaan. Daar was nog geen reaksie nie.

Het hy dit gedoen? Het hy die skare versoek om uiteen te gaan? -- Hy het dit gedoen. Nadat daar geen reaksie was nie, het hy vir my gevra of hy nie maar van die kerk se luidspreker af met die skare kon praat nie. Ek het hom die geleentheid ook gegee. Hy het oor die kerk se luidspreker gepraat. Dit is 'n baie kragtiger luidspreker as die een wat ek in my

... / voertuig

voertuig gehad het. Daar was nog geen reaksie nie. Instede dat uiteen beweeg is, het die skare al hoe meer opgewonde en oproerig geraak. Daar was toe ook in werklikheid enkele klippe deur van die teenwoordiges na die polisie gegooi. Ek moes opdrag gee dat die skare uiteen gedryf word. Ek het dit gedoen. Daar was traanrook gevuur. Die mense het uiteen beweeg, maar soos hulle beweeg het, het hulle klippe na die polisie gegooi. Daar was toe ook klippe van die ander kant van die straat af na die polisie gegooi. Met ander woorde, die polisie was toe tussen twee groepe. Dit het te weeg gebring dat tot die gebruik van rubberpatrone en later donshael oorgegaan moes word.

MNR. BIZOS : As u die vorige dag of vroeg die oggend van die 3de in kennis gestel was dat dit 'n vergadering is van die mense wat gehou sou word om 'n kans te gee aan die priesters om met die mense te praat, dink u nie dat u pogings of u werk om die vrede te herstel sou miskien gehelp het nie? -- Indien ek kennis gedra het van die rede vir die vergadering, sou ek sekerlik uit die aard van my benadering tot sodanige situasie probeer het dat die vergadering voortgaan.

Kan u onthou dat die priester Lord McCamel ook daar was? -- By watter geleentheid?

Op die 3de? -- Ja, ek het dan persoonlik met hom 'n gesprek gevoer soos ek nou getuig het.

HOF : U het gepraat van beskuldigde nr. 3? Dit is Moselane. Ons praat nou van McCamel. -- Jammer, ek het verkeerd verstaan. Nee, ek het die persoon nie daar opgelet nie.

MNR. BIZOS : Was hy nie op die 2de ook daar nie? -- Hy was op die 2de op die vergadering.

En hy was ook daar op die 3de? -- Dit is moontlik. Ek het hom nie gesien nie.

... / Is

Is dit moontlik dat u miskien met hom gepraat het, maar dat u dit nie kan onthou nie? -- Nee. Op daardie dag het ek met eerwaarde Lord McCamel gepraat.

HOF : U moet die dinge nou nie deurmekaar gooi nie. Het u op die 9de met Lord McCamel gepraat? Bedoel u die persoon wat daar sit? -- Nee, op die 9de by daardie vergadering het ek met eerwaarde Lord McCamel gepraat en nie met beskuldigde nr. 3 nie.

So, waar u vantevore gepraat het van beskuldigde nr. 3 in verhouding met die 9de, moet ons Lord McCamel lees. -- Korrek.

Is dit so? -- Dit is reg.

En is dit dan Lord McCamel wat met die luidspreker die skare versoek het om uiteen te gaan? -- Dit is korrek. Indien ek anders getuig het, is ek jammer.

MNR. BIZOS : Dit was die geskilpunt.

HOF : En u het nie beskuldigde nr. 3 gesien nie? -- Ek het hom nie gesien nie.

MNR. BIZOS : Die priesters in die Vaal Driehoek het 'n lys opgestel van die mense wat gedurende die onluste dood is. Ek sal aan u 'n afskrif daarvan gee voordat ek vrae aan u stel in verband met die begrafnisse wat u bygewoon het. Hierdie dokument sal wees BEWYSSTUK [illegible].

HOF : Die opskrif is "Dead List Vaal Triangle - 3/9/84".

MNR. BIZOS : Voor ek voortgaan, wil ek aan u lees iets wat deur een van ons regters gesê is in verband met 'n begrafnis in die Oos-Kaap. My Lord, I am referring to a judgment by His Lordship Mr KANNEMEYER.

HOF : Maar hoe gaan dit ter sake wees wat Sy Edele KANNEMEYER, R gesê het?

MR BIZOS : What is, we submit, a norm as to what these

... / funerals

funerals, how they are to be perceived and how they are to be approached.

HOF : Ja, gaan voort.

MR. BIZOS : "There can be no doubt, on the evidence heard by the Commission, that these funerals were matters of great interest to the Black communities. It was to be expected that many people would attend them, not because of any association with the deceased or their families, but because of a desire to show solidarity." Sal u uit u eie ondervinding saamstem met daardie mening? -- Dit is seker so. Begrafnisse is altyd deur groot groepe persone bygewoon.

My Lord, if Your Lordship wants to note, it is paragraph 4.3 on page 15 of the report. In paragraaf 1.1 op bladsy 28 sê Sy Edele die volgende "There can be no doubt that the deaths of Blacks prior to 21 March 1985 as a result of police action during unrest, had aroused the emotions of the Black population. It is not suggested that the police action which resulted in these deaths was in any way wrongful or capable of criticism. The point is that the victims were elevated to the position of martyrs in their communities and their funerals assumed a political character. Attendance was a means of showing one's sympathy for the solidarity with the deceased and the cause they supposedly espoused." -- Ek stem saam.

Hoeveel mense is op die 15de September begrawe? -- Ek weet nie. Ek weet dit was 'n massabegrafnis.

Was dit nie vyftien nie? -- Dit is moontlik. Ek dra nie kennis van die getal nie.

Jammer, dit was vyftien in Sebokeng en agt in Sharpeville. Ons sal sien van BEWYSSTUK AAC(33) dat daar 'n kind van sewe maande oud was wat gedurende die onluste gedood is? -- Ek weet nie daarvan nie.

... / Ek

En u weet seker ook nie dat die rede waarom hy dood is is dat traanrook hom doodgemaak het nie? -- Ek het geen insae in die nadoodse ondersoeke gehad nie en ek weet dit nie.

Daar is ook ander jongmense wat in Sharpeville gesterf het. Nie noodwendig voor 15 September nie, maar ander jongmense het daar gesterf? -- Dit is moontlik.

Ons sal aanvaar dat ook die geval in Sharpeville was soos LANDMEYER, R. dit stel dat die dood van die persone nie onwettig was nie, maar dat dit wel volgens polisie-aksie plaasgevind het? -- Dit is seker so.

HOF : Bedoel u nou al die mense op lys AAG(FF)?

MNR. BIZOS : Nie almal nie. Dié wat op die 15de ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dié op die massabegrafnis?

MNR. BIZOS : Op die massabegrafnis, because the councillors are also included in this. Vir die moeders, die oumas, die pa's, die oupa's en die ander mense wat lede van die familie is wat nie noodwendig enige politieke gevoelens gehad het nie, sal u saamstem dat nieteenstaande die feit dat hulle nie in algemene sake geïnteresseerd was nie, die dood van een van hulle seuns of dogters as gevolg van die optrede van die polisie, dit baie hartseer sou gemaak het? -- Enige dood is altyd 'n traumatiese ervaring en ek aanvaar dit so. Dit sal so wees.

Die persone wat wel geïnteresseerd is in algemene sake in die gemeenskap sou ook baie kwaad wees dat omstandighede dit so wou gehad het dat daar mense gedood is deur die polisie? -- Korrek.

Die skoolmaats van die jongmense wat miskien dood is en wie ook miskien 'n deel van die klomp gevorm het toe die oorledene, hulle maat, doodgeskiet is, sou ook daar wees? -- Seker.

... / Heel

Heel waarskynlik die hele skool sal belangstel in sy begrafnis? -- Dit is moontlik.

Laat ons ook aanvaar daar sal ook mense met sterk politieke oortuigings wees wat ook baie sterk sou gevoel het hieroor? -- Seker.

En dit is een van die maniere waarop mense kan saamkom en hulle gevoelens uitdruk? -- Korrek.

Miskien die moeder en die ouma in trane toe hulle op pad na die kerk was? -- Seker, ja.

En ander mense op ander maniere wat slagspreuke skreeu? -- Korrek.

Die grootste kerkgebou in Sebokeng is die een van Lord Molamel? -- Dit is reg.

Die polisie - al die mense, of hulle nou lede van die familie is of vriende of mense van die omgewing of mense met politieke oortuiging sou die polisie verantwoordelik hou vir die dood? -- Dit is reg, ja.

Sal u saamstem dat onder die omstandighede dit absoluut noodsaaklik is dat die polisie, as hulle dit nodig ag om teenwoordig te wees, op die bestemoontlike manier sal optree? -- Dit is reg.

Enige teken van ontetrokkenheid sal vir die mense aandui dat die mense nie geïnteresseerd is in hulle welsyn nie? -- Dit sal seker so wees.

Is daar enige rede waarom lede van die onluste-eenheid nie behoorlike uniforms dra wanneer hulle op diens is by sulke omstandighede nie?

HOF : Hoe bedoel u behoorlike uniforms? Dra hulle nie uniforms nie?

MNR. BIZOS : Party van hulle nie. -- Onder my bevel was geen uniformlid wat opgetree het wat nie in uniform geklee

... / was

was nie.

HOF : U sê al u lede was in uniform? -- In uniform as hy h uniformlid is. Daar was soms van die veiligheidstaklede in privaat klere gekleed teenwoordig by geleenthede.

MNR. BIZOS : Daar was manne in u manne se geselskap wat T-hemde gedra het? -- Dit is moontlik.

Is daar h oop stuk veld naby die kerk?

HOF : Dit is nou naby Lord McCamel se kerk?

MNR. BIZOS : Lord McCamel se kerk. -- Daar is.

Was u daar teenwoordig? -- Nie by die kerk nie.

Sou u toegelaat het dat daar h krieketwedstryd gespeel word terwyl die mense by die massabegrafnis besig was?

HOF : Is dit langs die kerk op die oop veld?

MNR. BIZOS : Langs die kerk op die oop veld? -- Ek is nie bewus van so h wedstryd wat daar was nie.

Was u by die begraafplaas? -- Ek was by die begraafplaas.

Het die krieket naby die begraafplaas aangegaan? -- Nie volgens my kennis nie.

As dit wel bewys word dat u manne gedurende die begrafnis langs die begraafplaas krieket gespeel het terwyl die gemeenskap besig was om sy dooie in die grond te sit, wat sou u houding gewees het? -- Dit hang af hoe besig die mense is. Hulle moet ook ontspan en as hulle sou h saak moes dophou, het ek nie beswaar dat hulle as ontspanning krieket speel om hulle besig te hou nie.

Klink dit nie vir u eienaardig dat mense, polisiebeamptes wat langs h begraafplaas is, terwyl so h tragiese gebeurtenis plaasvind en hulle is daar op diens, so min belangstel in die gevoelens van die gemeenskap dat hulle besig is om krieket te speel nie? -- Ek sê weer ek dra nie kennis daarvan nie en dit sou afhang hoe ver die punt waar h begrafnis gehou word

... / hulle

hulle daarmee besig sou wees nie.

Was hulle teenwoordigheid noodsaaklik? -- Die polisie se teenwoordigheid tydens die begrafnis was noodsaaklik.

As dit noodsaaklik is, is dit seer sekerlik om die orde te hou? -- Sekerlik.

Die begraafplaas te Evaton is 'n groot begraafplaas? -- Dit is 'n groot begraafplaas, ja.

As hulle besig was om krieket te speel binne-in die begraafplaas, maar op daardie deel wat nog nie gebruik was om mense te begrawe nie, sou u dit toegelaat het? -- Ek sou nie.

Wat sou u verwag het van die moeder of die ouma wat daar in haar swart klere gekom het en gehuil het en gesien dat die mense wat sy verantwoordelik beskou vir die dood van haar seun of haar kleinseun speel daar krieket? -- Ek weet nie wat sy sou gedink het nie.

Nou dat ek dit aan u stel, voel u dat as u manne so opgetree het, hulle opgetree het op 'n manier wat sou gehelp het om die vrede in die gemeenskap te herstel? -- Ek wil vir myself graag ook net duidelikheid kry. Was dit lede in uniform wat gespeel het of lede in privaat klere?

In uniform, ongelukkig, ja? -- Ek is nie bewus daarvan nie en ek sou dit nie toelaat nie.

Maar ons weet dat u daar was? -- Ek was daar. Ek het heen en weer beweeg. Ek was baie besig daardie dag. Ek het die optogte gevolg. Ek het vir geen moment, behalwe later in die dag terwyl die begrafnis aan die gang was daar met my voertuig stilgehou. Anders het ek op die roetes beweeg en die situasie dopgehou.

U was daar met 'n gekamoefleerde uniform? -- Daardie tyd het ons kamoefleer uniform gedra.

.../Ek

En 'n wit en rooi klein luidspreker? -- Ek kan nie onthou of ek daardie luidspreker gehad het nie. Ek wil net sê dat ek oral in daardie gebied bekend is.

Die pad na die begraafplaas is 'n nou pad? -- Dit hang af van watter een u praat.

As u die begraafplaas nader, nie die teerpad nie, maar die geskraapte pad? -- Die grondpad is nou alkant omhein ook. Daar is woningsheinings.

HOF : Is die grondpad die nou pad? -- Ja.

MNR. BIZOS : U het seer sekerlik geweet dat baie mense met hulle motors en vragmotors, taxi's, Kombi's, busse na die begraafplaas kom? -- Ek het dit gesien. Ek weet dit.

Hoeveel Casspirs het die polisie na die omgewing van die begraafplaas gebring? -- Ek weet nie hoeveel daar was nie.

As ek dit aan u stel dat daar ten minste agt was, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Dit is moontlik.

Wie het besluit om die Casspirs in die middel van die nou pad te parkeer by die ingang van die begraafplaas? -- Daar was volgens my kennis nie Casspirs in die middel van die pad geparkeer nie. Na die begrafnis het ek daardie pad blokeer met Casspirs, maar voor die begrafnis nie.

Is u seker? -- Ek is seker.

U sê dat die mense wat na die begraafplaas gekom het het op die pad self gery binne-in die begraafplaas?

HOF : By die begraafplaas in met die pad?

MNR. BIZOS : Met die pad.

HOF : Met ander woorde dat die mense op die nou grondpad gery het in die begraafplaas in? -- Hulle het na die begraafplaas toe gery.

MNR. BIZOS : Op die nou pad of moes hulle op die grondgedeelte tussen die geskraapte deel en die heining ry? -- Nie

waarvan ek kennis dra nie.

Ek wil dit aan u stel, ek weet nie of u dit gesien het of iemand anders nie, maar iemand het die Casspirs op so 'n manier in die middel van die pad geparkeer om mense van die pad af te kry toe hulle binne-in die begraafplaas in ry? -- Ek het dit nie gesien nie en ek twyfel of enige polisiebeampte so sinneloos sou optree om dit wel te doen.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die vraag is nie vir my duidelik nie. Is die stelling dat die Casspirs so geparkeer was dat terwyl die mense by die begraafplaas inbeweeg het, hulle rondom die goed van die pad af moes ry?

MNR. BIZOS : Kan ek net verduidelik. The road is covered with Casspirs. The hearses and the people coming into the cemetry and cars and buses could not use the road, they had to go to the side which is almost a ditch and make a very, very difficult turn in order to get into the entry - into the gate of the cemetry.

HOF : Het u dit gevolg? -- Ek volg dit. Ek betwis dit. Die Casspirs was ook nie bymekaar nie. Hulle was op verskillende punte langs die roete. Ek het daar vertyegery. Ek het nooit daardie versperring gesien nie en dit sou sinneloos wees vir enige polisiebeampte om so op te tree.

MNR. BIZOS : Ek is bly om dit van u te hoor, want ek wil u verseker dat dit wel gebeur het. My volgende vraag is, hoe kon dit gebeur het dat u dit nie kon gesien het nie? -- As dit gebeur het moes ek dit gesien het en ek betwis dit.

Stem u saam dat daar 'n aantal busse was wat heeltemal vol mense was? -- Daar was baie busse.

En dit is taamlik moeilik om die busse te bestuur as hulle van die pad af moet ry? -- As ek my - dit sou moeilik vir 'n bus wees om van die pad af te beweeg, maar as ek my die

... / toneel

toneel in herinnering roep, is dit 'n breë gelykte daar. Ek weet nie van ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Weet u van slote? Daar word gepraat van 'n "ditch"? Ander slote? -- Ek kan nie slote daar onthou nie.

MNR. BIZOS : Toe die begrafnis nou klaar was, was die pad heeltemal versper deur Casspirs, die een agter die ander in die middel van die pad? -- Nee.

As hulle so in die middel van die pad die een agter die ander geparkeer was, moes u dit seer sekerlik dit gesien het? -- Hulle was nie so geparkeer nie.

HOF : Ek wil u net 'n ding vra. Ek het netnou verstaan dat daar 'n grondpad is wat toegang gee en 'n teerpad is wat toegang gee. Is dit korrek of is dit verkeerd? -- Dit is korrek.

Nou waarom sou hierdie grondpad gebruik gewees het en nie die teerpad nie? -- Omdat die grondpad die naaste aan die kerk is. As hulle die teerpad sou gebruik, moes hulle 'n ent verder aan beweeg en van 'n ander hoek af in die begraafplaas inkom.

MNR. BIZOS : Was hulle verplig om die pad te gebruik wat nie geteer was nie? -- Hulle was nie verplig nie. Dit was net geriefliker. Dit is nader.

As die Casspirs nie in die middel van die pad was nie? -- Die Casspirs was nie in die middel van die pad nie.

Dit sou heeltemal teen u houding gewees het om enigiets te doen om die gevoelens van die mense slegter te maak met enige polisie-optrede? -- Ek sou die mense nie voor die begrafnis pla nie, laat ek dit so stel.

Hoe ver van die ingang van die begraafplaas het u die busse probeer tot stilstand bring? -- Dit was by die aansluiting van daardie grondpad met die teerpad.

HOF : Hoe ver is dit? -- Weer eens 'n skatting van my. Ek

... / dink

dink dit kon 3 kilometer wees.

3 Kilometer vanaf die hek van die begraafplaas? -- Tot die punt waar die busse gestop is.

Van die hek of van die graf af? -- Van die hek.

Van die hek tot waar gestop is? -- Korrek.

MNR. BIZOS : Hoe vinnig het die eerste bus wat u gestop het gery toe dit gestop is? -- Kan ek net weer die punt in perspektief stel. Daar was nie slegs een bus gestop nie. Dit was drie busse wat direk agter mekaar beweeg het. Al drie was gelyktydig gestop.

Hoe vinnig het hierdie drie busse gery? -- Hulle het stadig gery.

Hoe stadig? -- Nie meer as 5 kilometer seker nie. Ek weet nie. Ek het nie gekyk nie.

Was daar ander voertuie voor hulle? -- Daar was voertuie voor hulle.

En voertuie agter hulle? -- My voertuig was direk agter hulle.

En agter u voertuig? -- Twee landrovers.

En agter die landrovers? -- Daar was geen ander voertuie nie.

Nie ander busse of huurmotors of vragmotors nie? -- Daardie busse was reeds vertrek. Hierdie drie busse het laaste vertrek van die begraafplaas af.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Hierdie stop van die busse, is dit terwyl die mense terugkom van die begrafnis af?

MNR. BIZOS : Terugkom van die begrafnis af. Hoeveel manne was onder u beheer? -- Op daardie punt 90 manne.

Daar was 90 manne agter u? -- Nee, die totale ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Jammer, dit is 'n misverstand. Hoeveel manne was daar

... agter

agter die busse? -- Dit was twee landrovers en ekself, dit was ses man.

Is dit al? -- Dit is al.

Blankes of Swartes? -- Dit was Blankes sover ek kan onthou.

Ek is baie oor dit wat ek aan u moet stel as 'n senior polisie-offisier. -- U kan dit maar stel.

U was op 'n voertuig, was u nie? -- Ek was op 'n voertuig, ja.

Wat se soort voertuig was dit? -- 'n Wit Chevrolet voertuig.

Het u ooit op die dak of op enige ander voertuig gestaan? -- Nee.

Nooit? -- Nee.

Kon u sien wat elkeen van die manne wat die drie busse gestop het besig was om te doen met die mense in die busse? -- Ek kon nie sien nie, dit is onmoontlik. Daar was soos ek getuig het 'n aanval van buite af ook. Daar was klippe gegooi. Dit is prakties onmoontlik vir 'n individu om orals te sien.

As ek aan u stel dat die manne wat daar was die mense in die busse op 'n heeltemal onwettige manier behandel het, wat sal u sê? -- Daar moes geweld gebruik word om die mense te arresteer te kry, ontsnapping te voorkom en ook om 'n aanval van buite af te slaan. Dit hang af wat u met onwettig bedoel.

Laat ons aan u stel wat ons aan die Hof sal bewys wat onwettig was. Het enigeen van u manne met [illegible] persone geslaan terwyl u manne buite die bus was en die mense binne-in die bus was? -- Dit is moontlik.

Het u dit gesien? -- Ek het, ja.

Laat ons net hoor wat u gesien het. U het gesien dat een of meer van u manne met 'n [illegible] mense binne-in die bus

... / slaan

slaan? -- Dit was een man. Ek het oor die luidspreker gepraat daaroor.

Wat het u gesê? -- Ek het geskreeu "Hou op dadelik", toe die situasie onder beheer was.

Maar as 'n persoon 'n begrafnis bygewoon het en hy sit in 'n bus langs 'n venster, waarom en watter reg het die polisie om hom met 'n sambok te slaan terwyl hy in die bus sit? -- Ek weet nie of die persoon gesit het of probeer uithardloop het of wat die geval was nie.

Terwyl een of meer van u manne wat u wel gesien het besig was om met 'n sambok of sambokke mense in die bus te slaan, het u opgemerk of daar wel vensters van die bus of busse stukkend was? -- Daardie vensters was reeds stukkend kort nadat die busse vertrek het.

Wat ek aan u stel is, het u gesien dat terwyl u man of manne met die sambok slaan, die venster of vensters van die busse breek? -- Nee.

Hoe hoog was die busse, as hulle van dieselfde hoogte was? -- Dit is 'n gewone bus.

HOF : Gewone busse soos die Putco-busse wat ons ken? -- Die Putco-busse wat gebruik word. Dit is moeilik vir my om te sê hoe hoog.

MNR. BIZOS : Het een of ander van u manne op die dak van die busse geklim? -- Ek het dit nie gesien nie.

Het u gesien of een of ander van u manne met sambokke die mense op die dak van die busse slaan? -- Nee.

Sal u saamstem dat as iemand verplig is om van die dak van 'n bus af te spring terwyl 'n polisieman hom met 'n sambok slaan, dat dit gevaarlik vir hom is? -- Dit sal seker so wees.

En as iemand bang is om te spring en hy met sy hande vashou aan die sykante van die dak, terwag u een van u manne

... / om

om met 'n sambok hom op die hande te slaan sodat hy kan afval? -- Ek weet nie of dit gebeur het nie. As ek daardie prentjie van my oogpunt af moet skets, dit was baie vinnig oor. Ek kon nie oral kyk nie. Daar was klippe gegooi van buite af. Ek weet nie of dit menslik moontlik is dat ek al hierdie dinge moes raaksien nie.

As dit wel gebeur het, sou dit kon beheer? -- Nee.

U sien, die moeilikheid wat ek met u getuienis het is dat u manne - u sê daar was met ses manne, ons sal later daaroor praat, maar die manne wat daar was, het seer sekerlik geweet dat die brigadier daar is.

HOF : U praat nou van almal, dit is 90 ongeveer of praat u van die ses manne wat agter die busse gery het in die drie voertuie?

MNR. BIZOS : Ek praat met van die insident met die busse.

HOF : Nee, nee, die busse is voorgekeer vanaf verskillende kante. Daar was negentig mense, ses van hulle was agter die busse en al negentig was onder die bevel van die brigadier.

MNR. BIZOS : Is dit u getuienis? -- Ja.

U manne, wat die getal ook al mag gewees het het seer sekerlik geweet dat u teenwoordig was? -- Hulle weet dit, maar nou kan ek ook vir u sê dat in die opwelling van daardie moment dit wat hulle moes afweer, dit seer sekerlik menslik moontlik is, ek het ook in 'n verklaring wat ek ingedien het gesê daar is moontlik onder hierdie heersende omstandighede aanvalle van buite af, 'n arrestasie wat dringend uitgevoer moes word, meer geweld gebruik as wat absoluut nodig was en ek sal dit herken.

Het u gesien wat met die mense wat op die dakke van die busse was gebeur het? -- Ek het nie gesien dat iemand op die dak van die bus was nie.

... / HOF

HOF : Praat u van die manne of van die jongmense? -- Van my mense. Van die jongmense het reeds op die bus se dak gery na daardie ligging toe.

MNR. BIZOS : Wat het met hulle gebeur? -- Ek weet nie.

Het u een of ander van u manne gesien mense daar slaan? -- Daar was mense geslaan. Ek erken dit.

Het enigeen van u manne handboeie by hom gehad? -- Nee.

GETUIE STAAN AF

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K208 GERHARD JOHANNES VILJOEN, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Brigadier, ek wil ook aan u stel dat van u manne persone wat in die busse was of op die dak van die busse en daarna ... (Hof kom tussenbei)

HOF : In en op die dak?

MNR. BIZOS : In en op die dak op 'n onnodige manier met sambokke geslaan het? -- Ek het reeds erken dat daar geweld gebruik was.

En ook dat mense op die pad deur u manne aangerand is? -- Ek dra van geen aanranding op die pad kennis nie.

Ek sal vir u 'n paar voorbeelde van die aanrandings wat wel plaasgevind het noem. -- Tensy die geleerde verdediging bedoel dat dit mense was wat weggehardloop het van daardie toneel af. Dit is moontlik.

Maar mense wat probeer wegvlug het, is aangerand? -- Ek erken daar is geweld gebruik.

Met sambokke? -- Met sambokke. Ek erken dit.

Mense wat alreeds gearresteer is, is aangerand deur die persoon wat hom oor hom toesig gehou het en ook ander persone wat met verbygeloop het? -- Ek weet nie.

Dat 'n persoon geskop is terwyl hy op die grond lê? --

... / Daarvan

Daarvan weet ek nie.

En dat 'n ander persoon oor 'n draadheining gegooi is? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het u in die nabyheid van die agterkant van die derde bus wat op die pad was gegaan? -- Ek was oral daar op die plek. Ek moes kyk na buite, ek moes reël dat mense verdedig.

Veronderstel dat dit wat ek aan u geskets het wel gebeur het, en dat u manne moes geweet het dat u daar in die onmiddellike omgewing was, moes hulle geweet het dat as die brigadier dit sien, maak dit nie saak nie? -- Ek het reeds gesê dit is abnormale omstandighede. 'n Arrestasie moes te midde van 'n aanval uitgevoer word.

Maar as die omstandighede buitengewoon is, wat se reg het 'n polisiebeampte om 'n persoon wat op die grond lê te skop? -- Hy het nie so 'n reg nie, want ek weet nie daarvan nie.

Het u ooit 'n afsonderlike verklaring in verband met hierdie gebeurtenis van die drie busse gemaak? -- Ek het nie.

Hoeveel mense was gearresteer? -- Daar was 290 gearresteer.

Op watter klagte? -- Op klagte van uitlokking tot openbare geweld.

Uitlokking tot openbare geweld. Is hulle aangekla? -- Die aanklaer het hierdie klagte teruggetrek weens 'n oorsaak aan my onbekend.

Sê u dat daar getuienis was, volgens u mening, dat elkeen van die amper 300 mense ander mense aangehits het tot openbare geweld? -- As 'n groep, ja.

Sal u saamstem dat die mense binne-in die busse - wel, dat die busse baie vol was? -- Die busse was vol.

So vol dat mense op die dakke moes gaan sit het om van die begraafplaas af weg te gaan? -- Ek kan nie sê dat hulle

... / om

om daardie rede op die dak gaan sit het nie.

Dink u nie dat daar miskien mense in daardie busse was wat familielede van die oorledene was nie of vriende of mense wat in die nabyheid gewoon het en hulle het begraafplaas toe gegaan en gehoop om terug te kom huis toe? -- Hulle het seker so gehoop.

HOF : Die drie busse is die busse wat oorgeneem is? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat daar geen busse oorgeneem is nie. Wat u wel gedoen het, is, u het die drie laaste busse gekies om mense te straf? -- Ek ontken dit. Ek het volledig getuienis gegee omtrent wat tot hierdie gebeure aanleiding gegee het. Ek is nie daar om mense te straf nie.

Wanneer is die drie busse beset? -- Dit was na die begrafnis.

Waar? Op watter plek is ou mense uit die busse uitgeneem? -- Op die begraafplaas daar op die teergedeelte waar die voertuie geparkeer was.

Laat ek u getuienis goed verstaan. U gee nie getuienis oor wat u dink gebeur het nie. U sê dat u het hierdie drie busse gesien vol ouerige mense en die ouerige mense is uit die busse geneem en die jong mense het in die busse ingegaan? -- Ek het nooit gesê dat die busse was vol ouerige mense nie. Ek het gesê dat ek gesien het dat ouerige mense wel uit die busse verwyder was en dat 'n jong groep mense in die busse ingeklim het.

Stem u saam dat die drie busse die laaste was van die vloot van busse wat van die begraafplaas af weggery het? -- Dit is so.

Het die polisie miskien gegaan om die ou mense te beskerm en vir die mense te sê "Kyk, ou mense, julle het die reg om op

/die

die busse te ry"? -- Nee, ons het nie.

Waarom nie? Julle is daar om wet en orde te handhaaf? Daar is van die ou mense uit die busse getrek en daar is 'n aantal van negentig polisiemanne wat hulle nie beskerm het nie? -- Daar was nie negentig polisiemanne daar nie.

HOF : Dit was nie die getuienis dat daar negentig was nie. Die negentig is opgeroep later om die busse voor te keer.

MR. BIZOS : Hoeveel polisiemanne was daar by die begraafplaas? -- Op daardie stadium was ons ses bymekaar.

Waarom het u nie na die jongmense toe gegaan en gesê "Kyk, die ou mense het die reg om met die bus te ry" nie? Waarom het u nie daardie ou mense beskerm nie? -- Daar was nie geweld gebruik nie. U sê uitgepluk. Ek het nie so gesê nie.

Is u getuienis nou dat die ou mense vrywillig uit die busse gekom het? -- Nee.

Of was hulle verplig teen hulle wil om van die busse af weg te gaan? -- Ek was nie so naby dat ek kon hoor nie. Ek het gesien dat hulle uitklim.

Ons weet dat u amper driehonderd persone wat in die busse was gearresteer het? -- Ja.

Hoeveel van die mense wat u sê besig was om klippe na die polisie te gooi was gearresteer? -- Ek weet nie. Ek glo nie dat daar van hulle gearresteer was nie, want hulle was buite daardie kring van polisiebeamptes en hulle het van buite af gegooi en ons het traanrook en rubberpatrone gebruik om hulle weg te hou.

Was daar enige poging om enige persoon wat besig was om klippe te gooi van die een of die ander kant van die pad te arresteer? -- Dit is 'n onmoontlike opset. Ek pleeg nie selfmoord nie

... / Toe

Toe u traanrook gebruik het, was daar nie van die mense wat u sê klippe gegooi het wat getref was op een of ander manier, dat u probeer het om hulle en hulle maats te arresteer wat in die groep was wat klippe gegooi het nie? Waarom was daar geen poging aangewend om enige persoon te arresteer nie? -- Omdat dit nie moontlik was nie. Die polisiebeamptes wat beskikbaar was, was met die uitvoering van die arrestasie besig en dit sou selfmoord beteken as 'n enkele of 'n paar polisiebeamptes tussen daardie skare sou inhardloop.

Was daar Casspirs agter u voertuig? -- Nee.

Is u seker? -- Nie sover ek kan onthou nie.

Toe u die busse gestop het sê u daar was mense wat klippe gegooi het? -- Ja.

Hoeveel mense het u onder u beheer? -- Daar was negentig mense.

En u het traangas gehad? -- Ons het gehad.

Gewere? -- Ons het gewere ook gehad, ja.

Hoeveel mense sal u sê daar op die linkerkant van die busse was toe u hulle gestop het wat besig was om klippe te gooi? Hoeveel mense was daar aan die linkerkant van die busse? -- Daar was 'n groot groep mense aan die linkerkant.

Hoe groot? -- Die mense was in beweging van daardie begrafnis af. Dit was nie weer eens 'n groep op 'n bondel nie. Die mense wat beweeg het, het toe ons die busse gestop het, begin gooi. Dit is moeilik om daar 'n skatting te maak.

Het ek u getuienis nie goed verstaan nie? Was daar klipgoiery voor die busse gestop is of net na die busse gestop is? -- Voor die busse gestop is was daar klippe na my voertuig gegooi, maar dit was nie baie nie. Dit was enkele klippe.

So, die klipgooiery na die polisie is gedoen nadat u die busse gestop het? -- Korrek.

... /Was

Was klippe gegooi na u manne terwyl hulle besig was om die mense wat in die busse was te arresteer? -- Ja.

So, die prentjie wat u aan die Hof wil gee is dat dwarsdeur die afstand van die begin van die voorkant van die eerste bus tot die agterkant van die derde bus, is u manne terwyl hulle besig was om die mense binne-in die busse te arresteer, met klippe gegooi. Is dit u getuienis? -- Ek sê daar was klippe na die mense gegooi, van beide kante van die straat af. Ek kan vir u sê dat daar het op 'n stadium net so 'n groot klip tussen ons beland. Ek was amper getref daar.

HOF : Die getuie beduie met sy twee hande 'n deursnit van omtrent 20cm.

MNR. BIZOS : Laat ek u net vra, het u manne sambokke begin gebruik onmiddellik na die busse gestop is? -- Hulle het, ja.

En voor die mense op die sykante begin het, volgens u getuienis, om klippe te gooi? -- Nee, hierdie gebeure was gelyktydig.

Ek wil dit aan u stel dat die rede waarom die mense in die bus gearresteer was, was omdat dit 'n heeltemal maklike taak was om ongewapende, onskuldige mense te arresteer? -- Ek betwis dit. Ek het volledig in my getuienis getuig wat aanleiding tot die arrestasie gegee het.

Het u probeer vasstel waarom die aanklaer sonder enige verklaring van u, sonder enige konsultasie met u, wat die veiligheid van u eie manne op die spel geplaas het en amper driehonderd mense gearresteer is en sonder enige raadpleging met u die saak teruggetrek het die volgende oggend? -- Die saak was nie die volgende oggend teruggetrek nie. Dit was heelwat later. Ek het met die aanklaer gepraat daarna.

Wanneer sê u was die saak teruggetrek? -- Ek kan nie onthou op watter datum dit was nie.

... / Vir

Vir hoe lank is die mense in hegtenis gehou? -- Ek weet nie. Ek kan dit nie in herinnering roep nie, want ek het nie met die saak gewerk nie.

Wie is die ondersoekbeampte in daardie saak? -- Ek weet nie. Daar was 'n speurder aangestel.

Wie was die aanklaer? -- Ek weet nie.

Wat was sy rang? Was hy die hoofaanklaer of was hy net 'n junior wat net daar begin het? -- Ek weet nie. Ek wil net iets byvoeg. Ek het u seker netnou maar verkeerd verstaan toe u gepraat het van 'n aparte verklaring. Ek het 'n verklaring in die betrokke dossier ingedien in daardie ondersoek.

Is die mense wat gearresteer is in die busse polisiestasie toe geneem? -- Nee, hulle is met vragmotors polisiestasie toe geneem.

Polisievragmotors? -- Ja.

En almal wat in die busse was, was gevra om in die polisievragmotors te klim? -- Ja.

En hulle is gearresteer? -- Ja.

Op watter getuienis? Wat u gehad het of enige ander polisiebeampte, dat een of ander van die mense heeltemal onskuldig was en hulle het net in die bus gesit? -- Ek het reeds getuienis gegee dat die gedrag van die persone in die busse oproerig en uitlokkend was, dat hulle by die vensters uitgeleun het, dat hulle bo-op die dakke rondgedans het, dat slagspreuke geskreeu was, dat die skare wat vreedsaam op pad was weg van die begraafplaas af, weer in 'n hegte optog saamgekom het, dat daar enkele klippe na my voertuie gegooi was, die drie voertuie agter die busse en dit het my genoop om op te tree om verdere opstoking ook te voorkom en die situasie te beredder. Die gedrag van die persone in die busse het volgens my oordeel die misdaad van uitlokking tot openbare

... / geweld

geweld uitgemaak.

Wat het die aanklaer gesê? -- Ek kon nie en geen persoon daar kon elke indiwidu se dade beskryf nie.

Die aanklaer was seer sekerlik van mening dat jy nie sommer almal wat in 'n bus sit en huis toe ry, kan arresteer op 'n ernstige aanklag nie? -- Ek weet nie wat sy mening was nie.

'n Rukkie gelede het u gesê dat u geen kennis gehad het van die rede waarom die saak teruggetrek is nie? -- Nie voordat dit teruggetrek is nie.

Ek wil dit aan u stel dat u op 'n voertuig gestaan het en u het vir 'n oomblik toe ek vir u die beeld geskets het van wat daar plaasgevind het, geglimlag? -- Ek het nie op 'n voertuig gestaan nie.

Wat van die ander deel van die stelling? -- Ek sou geen rede sien waarom ek sou glimlag nie.

<u>HOF</u> : Weet u op watter voertuig daar gestaan is, mnr. Bizos? Is dit bo-op 'n bus of is dit bo-op 'n landrover?

<u>MNR. BIZOS</u> : Dit is nie op 'n bus nie.

<u>HOF</u> : Of agter op 'n bakkie?

<u>MNR. BIZOS</u> : Dit is nie op die bus nie. Op die polisievoertuig net agter die laaste bus? -- Ek ontken dit ten sterkste.

Ons sal dit probeer bewys dat u ontkenning nie waar is nie. -- Ek ontken dit nogtans. Daar was vir my geen geleentheid om op voertuie rond te klim nie.

My Lord, I have an application to make at this stage to Your Lordship. I can go on on a somewhat disorganised manner with the material available, but I would like to organise it. I am waiting for confirmation of certain information which I am reluctant to put without confirmation.

<u>COURT</u> : How long is your cross-examination still going to be?

... / MR BIZOS

MR BIZOS : I cannot finish today any way.

COURT : You are still going to deal with the second funeral, I take it?

MR BIZOS : Yes, I am going to deal with the second funeral.

COURT : But in that respect you have got accused no. 1 here. He can give you instructions.

MR BIZOS : But only partly. I have certain instructions from accused no. 1 and I have seen the photographs which were handed in, but that is only a very small part of the matters. There is confirmation which I want to get in relation to some of the matters that I am instructed about, before putting it to the witness. I may also say that it has come to our notice from a fairly reliable source that a document which is of some importance to this case which was not publicly available until yesterday has become available and in any event we would want to study that document during the weekend before I proceed with the cross-examination of this witness.

HOF : Enige beswaar, Mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek kan uit die aard van die saak seker nie beswaar maak as die verdediging geleentheid kry om behoorlik te konsulteer nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 21 APRIL 1986.

- - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-9-66**
*Document Title:-* **Vol 66 p 3459-3487. Witness: Viljoen**